SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – JULIE 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.
  - In besonder gaan ons goeie wense aan **lt. gen. (aft) R.F. Holtzhausen, Ere-President van die Suid-Afrikaanse Infanterievereniging**, wat DV op die **16e Julie die geseënde ouderdom van 90 bereik**. Geniet die dag met u geliefdes, Generaal!
  - **Goeie wense** gaan ook aan **genl-maj (aft) Gert Opperman**, President van die SA Infanterievereniging, wat op 27 Julie verjaar. Sterkte met die nuwe lewensjaar, Generaal!
  - **En dan volg** hierdie besonderse huldeblyk van genl-maj (aft) Gert Opperman aan**:**

LT-GENL (AFT) RAYMOND FRANCOIS HOLTZHAUSEN, SSA, SD, SM, MMM

Dit is vir my 'n eer en voorreg om 'n huldeblyk aan lt-genl Holtzhausen op te dra. Ons paaie het die eerste keer in 1968, toe ons beide aan die opleidingsvleuel van die Militêre Akademie in Saldanha verbonde was, gekruis. Sedertdien het hy baie diep spore in my lewe gelaat, soos in díe van derduisende ander wat saam met en onder hom gedien het. Dit spreek boekdele van die mens dat hy steeds met groot waardering aan hulle terugdink en sy dank aan hulle betuig, omdat hulle sy "juk help dra het, hom help vorm het en sy dag gemaak het".

Gebore te Bloemfontein op 16 Julie 1933, word hy eersdaags 90 jr oud. Nadat hy in 1950 aan Grey Kollege gematrikuleer het, het hy gedurende 1951 tot 1953 jongoffisiersopleiding by die SA Militêre Kollege in die destydse Voortrekkerhoogte ondergaan. Dit het gelei tot 'n groot aantal opleidings-, bevels- en stafaanstelling by eenhede van verskillende gevegskorpse, asook by die Militêre Akademie waar hy teen die einde van die sestigerjare met groot sukses verantwoordelik was vir die inplementering van die nuwe bedeling vir offisiersvorminsopleiding. Sy aanstelling as bevelvoerder van die Infanterieskool in Oudsthoorn in die vroeë sewentigs was 'n besondere hoogtepunt, gevolg deur bywoning van die eerste Gesamentlike Stafkursus in 1973 by die SA Verdedigingskollege.

Hy het van Junie 1974 tot Desember 1977 as Hoof van Leërstaf Personeel en daarna tot einde Desember 1978 as die Bevelvoerende Generaal van 1 SA Korps gedien. In hierdie, sy laaste bevelsaanstelling, het hy twee divisies en meer as 60 000 soldate van die Voltydse- en Deeltydse magte onder sy bevel.

Van Januarie 1979 tot einde November 1980 was hy Inspekteur-generaal van die SA Leër, gedurende welke tydperk sy ondernemingsgees, kreatiwiteit, analitiese benadering en kritiese oordeel gelei het tot 'n nuwe evaluasiefilosofie en -tegnieke om die operasionele gevegsgereedheid van SA Leërformasies en -eenhede te kan meet.

Van Desember 1980 tot 31 Maart 1989 was hy Hoof van Staf Personeel (HSP) van die SAW. Gedurende hierdie tydperk het hy, soos in die res van sy loopbaan, ruim geleentheid gehad om sy lewensbeskouing ten volle uit te leef nl. "skouer aan die wiel en vasbyt!" As Personeelhoof van die SA Leër en die SAW, was hy nie net verantwoordelik vir al die menslike hulpbronne-aspekte op die

onderskeie vlakke nie. Hy was as HSP ook oorhoofs verantwoordelik vir sport, groot jaarlikse herdenkingsdienste en alle ander seremoniële- en militêre erfenisverwante aspekte in die SAW.

Daarbenewens was hy ook die Adjudant-generaal van die SAW en oorhoofs aanspreeklik vir alle militêre regs- en -polisie-aangeleenthede insluitende die administrasie van alle militêre detensiebarakke. Hy was nie net self op sy dae 'n kranige rugby- en hokkiespeler nie, maar is ook later met die SAW Sport se Gouetoekenning vereer vir dertig jaar se toegewyde administrasie en bevordering van sport in die SAW.

Hy het tov veral die uitbouing en verfyning van die nasionale diensplig stelsel verskeie ondersoeke onderneem en die Weermag met groot toewyding, -gesag en -onderskeiding op interdepartementele en parlementêre vlak verteenwoordig, om toepaslike wetgewing en -regulasies met die oog op optimale benutting van beskikbare mannekrag te help verseker.

Hy was ook die Voorsitter van die SA Weermagfonds, wat hulpbronne moes ontgin en aanwend vir die vermaak en vryetydsbesteding van ontplooide magte asook, in verdienstelike gevalle, finansiële steun aan hulle naasbestaandes. Hy het ook op die raad van die Suiderkruisfonds gedien, wat meer as RM16 vir díe doel van die privaatsektor ingesamel het.

Lt-genl Holtzhausen se bydrae tov militêre veterane-aangeleenthede was sonder gelyke. Na sy aftrede was hy o.a. die Voorsitter van die SA Infanterievereniging en van die Raad van Militêre Veterane-organisasies. Hy was ook een van die stigterslede en -nasionale vise-presidente van die SAW Vereniging en is steeds lewenslange ere-vise-president van verskeie van vermelde veterane organisasies. Hy het etlike internasionale skakelbesoeke onderneem om meer te leer van o.a. die besoekte lande en -organisasies se wetgewing, strukture en bestuur van militêre veterane-aangeleenthede. Na elke sodanige besoek het hy op sy kenmerkende wyse met groot insig en dryfkrag bygedra tot die oorweging van die lesse geleer en waar toepaslik die toepassing en implementering daarvan in die Suid-Afrikaanse opset.

Hy het tydens sy dienstermyn in die SAW verskeie skakel- en pelgrimstogte na etlike ander lande en WO 1 en 2-slagvelde en -museums en -monumente onderneem.

Alhoewel lt-genl Holtzhausen nou reeds amper net só lank afgetree het as die 38 jr wat hy met groot onderskeiding in die SAW gedien het, sal hy altyd onthou word vir sy onberispelike optrede en voorbeeld as offisier en heer, iemand wat nooit weggeskram het van wat hy geglo het gesê of gedoen moes word nie. Sy ja was sy ja en sy nee was sy nee, ongeag met wie sy pad gekruis het. Sy sterk oortuigings en onkreukbare integriteit en -eerlikheid was persoonlike handelsmerke wat die hoogste respek afgedwing het by almal wat met hom te doene gekry het, ongeag of hulle sy siening gedeel het of nie.

Die hoë agting wat daar vir sy bydrae gekoester is, word weerspieël deur die volgende ordes, dekorasies en medaljes wat aan hom toegeken is, nl. Ster van Suid-Afrika Goud, Ster van Suid-Afrika Silwer, Suiderkruisdekorasie, Suiderkruismedalje en die Militêre Merietemedalje. Daarbenewens het ook ook medaljes vir 30, 20 en 10 jr Troue Diens ontvang, asook die Pro Patria- en die Algemene Diensmedalje. Hy het ook een buitelandse orde ontvang nl. The Order of the Plaque of the Cloud and Banner.

Hy kyk met groot maar beskeie genoegdoening terug na 'n loopbaan van baie hoogtepunte en groot prestasies, maar maak op sy tipiese wyse dit af as iets wat nie aan hom te danke is nie, maar aan die mense wat saam met hom die pad geloop het. Hy sonder nietemin twee persone uit wat hy as sy mentors beskou het, nl. Genls Magnus Malan en Constand Viljoen. Na alles glo hy dat hy bloot die pion was in die "beplande en gerigte roetekaart wat vir hom beskore was" en dat die Weermag "van hom besit geneem (het) en net soms, na goeddunke, vir hom verlofpasse gegee (het)".

Hy het sy lewensverhaal in verskeie persoonlike, vertroulike bundels aangeteken om dit vir sy nageslag na te laat. Dit is opgedra aan sy troue eggenote, Jeanette, wat hy baie dankbaar is om na 65 jaar nog aan sy sy te hê en aan hulle vier kinders en kleinkinders. Hy stel dit onomwonde dat as dit nie vir haar onvoorwaardelike steun was nie, hy nie sy tyd in die SAW en daarna met soveel entoesiasme en ywer sou kon uitgeleef het nie. Na alles beskou hy nie vir homself nie, maar vir húlle as die helde van sy lewensverhaal.

Ons salueer 'n groot man en soldaat wat uitgestaan het onder die lys van groot geeste wat die SAW help uitbou het tot een van die bestes op die kontinent, een wat nooit op die slagveld verslaan is nie!

- **Juliemaand se verjaarsdagwense** sluit ook in:
  - Die verjaarsdagsteen vir Julie is die Robyn, simboliseer integriteit en toewyding.
  - Verjaarsdagblom: Ridderspoor (Delfinium).
  - In Jesaja 54:11-17 bevestig God dat Jerusalem herbou gaan word sodat die ballinge kan terugkeer, en vers 12 lees so: "Ek maak jou torings van robyne en jou poorte van smarag"

- **Medelye met:** Peet Dreyer, NUR Lid, suster Saartjie, is oorlede.

- **Spoedige Beterskapwense aan:**
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, in 'n versorgingsoord.
  - Genl. Maj. Gert Opperman, President SAIV, 'n linkerheupvervangingsoperasie 17 Julie.
  - Ria Opperman, Genl. Maj. Opperman se eggenote, katarakoperasies 27 Julie & 3 Augustus.
  - Brig. Genl. Lee Le Crerar, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Geoff Holland-Muter, NUR Lid, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Pinelands in hospitaal, ontvang mediese sorg.
  - Doug Madden, Voorsitter Wes Randtak, 'n besering opgedoen.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Pierre Potgieter, Wes-Randtak, 'n voet operasie.
  - Peet Dreyer, NUR Lid, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dirk Botha, Hoëveldtak, longprobleme.
  - Dawid Botha, Trans Magaliestak, sterk aan na 'n siekbed.

- **Koringkorrel** (Engels: Spiritual 'nuggets') – Na aanleiding van Ps 23 vers 2.

  "Ek het Hom gesoek totdat ek Hom gekry het. Toe het ek besef dit is Hy wat my gekry het." (Attie van der Colff)

- **'n Mondvol**

  "Jy klim die berge van waarheid nooit verniet nie." (Friedrich Nietzche)
  "Woorde veroorsaak die meeste rusies." (Lord Marsfield)

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane:
  - 'n Wynliefhebber reken Spoornet sal iets moet doen om hul diens te versnel. Hy het 'n tyd gelede twee kiste Twee Jongegezellen uit die Kaap bestel. Toe dit in Johannesburg aankom, was dit twee kiste Oude Meester.
  - SAIV Algemene Jaarvergadering vind Saterdag 19 Augustus 2023 plaas.